46. Should the owner fail to pay the prescribed fees for the rental of a stable regularly, or fall into arrears with the payments and fail to pay such arrears on demand, the animal in the stable shall be impounded and dealt with in accordance with the Pound Regulations, and any proceeds from the sale of the animal shall be set off against the arrear moneys: Provided that the owner shall remain liable for any short-fall on the arrear moneys due.

47. The Council may, in its discretion, set aside one or more camps where riding horses may be kept, hereinafter called a horse paddock, and may levy fees as prescribed in Annexure 1 to these regulations.

48. Any person wishing to put a riding horse into a horse paddock shall pay the prescribed fees on which a permit will be issued to him by the town clerk.

49. No person may keep more than one riding horse in a horse paddock: Provided that the number of horses which one family may keep shall be limited to three.

50. No stallion or cryptorchid shall be placed in the horse paddock and the town clerk may, at the request or other owners, cancel any permit issued in respect of any riding horse which bites or kicks or otherwise hurts other horses.

51. No person shall ride in a horse paddock with a motor bicycle or chase horses with cars and any person molesting horses in any such paddock or who captures and rides horses without the permission of their owners, shall be guilty of an offence.

52. Any person who under false pretensions keeps race horses or horses for purposes of speculation in a horse paddock, or who keeps a horse in the name of another person, shall be guilty of an offence.

53. Any person who hinders or obstructs the town ranger, or any employee of the Council, in the execution of his duties under these regulations, shall be guilty of an offence.

54. Any person contravening any of the foregoing regulations or any order made thereunder shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a penalty not exceeding R60 (sixty rand) and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months and, in

42. Die lewering van 'n kwitansie aan die dorpswagter vir vooruitbetaalde huurgelde is bewys dat sodanige gelde wel betaal is en maak die huurder geregtig op die sleutel van die stal.

43. By opsegging van die huur moet die huurder die sleutel aan die dorpswagter terugbesorg by gebreke waarvan hy terugbetaling van sy deposito op die sleutel verbeur.

44. Iemand wat 'n stal wat gesluit is, oopbreek en 'n dier daarin plaas of 'n dier daarin plaas sonder om die voorgeskrewe gelde te betaal, is skuldig aan 'n misdryf.

45. Die Raad kan enige permit wat kragtens hierdie regulasies uitgereik is, kanselleer ingeval die permithouer enige bepaling van hierdie regulasies oortree, of versuim om enige voorwaardes van die Raad na te kom.

46. Indien 'n eenaar versuim om gereeld die voorgeskrewe gelde vir die huur van 'n stal te betaal, of met betaling agterstallig raak en versuim om sodanige agterstallige gelde op aanvraag te betaal, word die dier in die stal geskut, en kragtens die bepalings van die Skutregulasies mee gehandel, en enige opbrengs uit die verkoop van die dier word teen die agterstallige gelde afgeskryf: Met dien verstande dat die eenaar aanspreeklik bly vir enige tekort op die agterstallige gelde.

47. Die Raad kan na goeddunke een of meer kampe afsonder waar ryperde aangehou kan word, hierna 'n perdekamp genoem, en gelde hef soos in Bylae 1 tot hierdie regulasies voorgeskryf.

48. Iemand wat 'n ryperd in 'n perdekamp wil plaas, moet die voorgeskrewe gelde betaal waarna 'n permit deur die stadsklerk aan hom uitgereik word.

49. Niemand mag meer as een ryperd in 'n perdekamp aanhou nie: Met dien verstande dat die aantal perde wat 'n gesin mag aanhou beperk word tot drie.

50. Geen hings of klophings mag in 'n perdekamp geplaas word nie en die stadsklerk kan 'n permit uitgereik ten opsigte van enige ryperd wat ander perde byt, skop of op 'n ander wyse beseer, op versoek van ander eenaars, intrek.

51. Niemand mag in 'n perdekamp met 'n motorfiets ry nie of perde met motors rondjaag nie en iemand wat perde in sodanige kamp molesteer of perde van ander eenaars sonder hulle toestemming vang en ry, is skuldig aan 'n misdryf.

52. Iemand wat onder valse voorwendsels renperde of perde vir spekulasiedoeleindes in 'n perdekamp aanhou, of wat 'n perd in iemand anders se naam aanhou is skuldig aan 'n misdryf.

53. Iemand wat die dorpswagter of enige werknemer van die Raad in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie regulasies hinder of dwarsboom, is skuldig aan 'n misdryf.

54. Iemand wat enige van die voorgaande regulasies of enige opdrag daar ingevolge uitgereik, oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens sestig rand (R60) en by wanbetaling met gevangenisstraf, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en,

the case of a continuing contravention, to the further penalty of a fine not exceeding R6,0 (six rand) for every day the contravention continues.

55. The Commonage Regulations promulgated under Government Notice 87 of 28 June 1922, and amended by Government Notice 67 of 29 June 1923, 2 of 3 January 1949, 21 of 15 January 1953, 100 of 16 May 1958, and 201 of 1 November 1966 are hereby repealed.

SCHEDULE I.

FEES PAYABLE IN RESPECT OF COMMONAGE, CAMPS, KRAALS AND STABLES.

1. FEES PAYABLE BY BUTCHERS FOR STOCK ALLOWED IN TERMS OF REGULATIONS 9 AND 10:

- (a) for every head of large stock per month R 1,50
 (b) for every head of small stock per month R 0,15

2. FEES PAYABLE FOR GRAZING UNDER PERMIT IN TERMS OF REGULATION 4:

- (a) for every head of large stock per month R 1,00
 (b) for every head of small stock per month R 0,10

3. FEES PAYABLE FOR THE USE OF STABLES:

- (a) for every head of large stock (excluding horses) per head per day R 0,50
 (b) small stock per head per day R 0,30
 (c) Horses
 (i) Riding horses per head per day R 0,20
 (ii) Race horses per head per day R 0,80

4. FEES PAYABLE IN A HORSE Paddock:

Riding horses per head per month or part thereof R 1,00

5. FEES PAYABLE FOR REMOVAL OF SAND, STONE, GRAVEL AND CLAY EXCLUDING PERMANENT QUARRIES WHICH ARE HIRED BY MEANS OF A WRITTEN AGREEMENT WITH THE COUNCIL:

- (a) Per month of part of a month R10,00
 or
 (b) Per load or part thereof R 0,50

6. FEES PAYABLE FOR WATERING OF STOCK:

- (a) for every head of large stock R 0,03
 (b) for every head of small stock R 0,01

ingeval van 'n voortdurende oortreding, met 'n verdere boete van hoogstens ses rand (R6) vir elke dag waarop die oortreding voortduur.

55. Die Dorpsgronderegulasies soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 87 van 28 Junie 1922 en gewysig by Goewermentskennisgewing 67 van 29 Junie 1923, 2 van 3 Januarie 1949, 21 van 15 Januarie 1953, 100 van 16 Mei 1958 en 201 van 1 November 1966 word hierby herroep.

BYLAE I.

GELDE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN DORPSGROND, KAMPE, KRALE EN STALLE.

1. GELDE BETAALBAAR DEUR SLAGTERS VIR VEE INGEVOLGE REGULASIES 9 EN 10 TOEGELAAT:

- (a) Grootvee per stuk per maand R 1,50
 (b) Kleinvee per stuk per maand R 0,15

2. GELDE BETAALBAAR VIR WEIDING INGEVOLGE PERMIT KRAGTENS REGULASIE 4:

- (a) Grootvee per stuk per maand R 1,00
 (b) Kleinvee per stuk per maand R 0,10

3. GELDE BETAALBAAR VIR GEBRUIK VAN STALLE:

- (a) Grootvee (uitgesluit perde) per stuk per dag R 0,50
 (b) Kleinvee per stuk per dag R 0,30
 (c) PERDE:

- (i) Ryperde per stuk per dag R 0,20
 (ii) Renperde per stuk per dag R 0,80

4. GELDE BETAALBAAR IN 'N PERDEKAMP:

Ryperde per stuk per maand of gedeelte van 'n maand R 1,00

5. GELDE BETAALBAAR VIR VERWYDERING VAN SAND, KLIP, GRUIS EN KLEI, UITGESONDERD PERMANENTE GROEWE WAT BY WYSE VAN SKRIFTELIKE OOREENKOMS MET DIE RAAD GEHUUR WORD:

- (a) Per maand of gedeelte van 'n maand R10,00
 of
 (b) Per vrag of 'n gedeelte van 'n vrag R 0,50

6. GELDE BETAALBAAR VIR SUIPING VAN VEE:

- (a) Grootvee per stuk R 0,03
 (b) Kleinvee per stuk R 0,01

7. FEES PAYABLE FOR THE USE OF AUCTION KRAALS:

- (a) for every head of large stock per day R 0,07
 (b) for every head of small stock per day R 0,04

8. FEES PAYABLE FOR THE USE OF RAM PENS:

- For every head per day R 0,50

9. DEPOSITS PAYABLE FOR THE USE OF STABLES:

- (a) For a key R 2,00
 (b) For cleaning R 3,00

No. 86.]

[15 June 1973.

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP:
 REGULATIONS FOR THE PREVENTION AND
 EXTINCTION OF FIRE.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243(3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations.

1. *Definitions:* In these regulations, unless inconsistent with the context, the following words and expressions shall have the meanings hereby assigned to them:

"*first officer*" means the person directly in charge of the fire engine;

"*Town Council*" means the Town Council of Keetmanshoop;

"*town engineer*" means the town engineer of the Town Council or any person acting in that capacity or acting on his behalf.

2. *Municipal Fire Department and Town Engineer.*

The municipal fire department shall be in the charge of the town engineer, who shall have the control of all fire fighting equipment, within the municipal area and shall be entitled to make such use as he thinks fit of any fireman or fire-extinguishing appliances within the said area.

3. *Fire Department to have preferent right of way.*

Members of the fire department, whilst proceeding to a fire on any of their machines or vehicles, shall have a preferent right of way over all classes of traffic in any street, thoroughfare or open space within the municipal area and all traffic shall, at the sound of the sirens of the fire engine, stop on the side of the street to allow unobstructed passage to fire fighting vehicles.

4. *Measures for Prevention or Extinction of Fires.*

- (a) On the occasion of any fire, the first officer or any

7. GELDE BETAALBAAR VIR GEBRUIK VAN VENDUSIEKRALE:

- (a) Grootvee per stuk per dag R 0,07
 (b) Kleinvee per stuk per dag R 0,04

8. GELDE BETAALBAAR VIR GEBRUIK VAN RAMKRALE:

- Per stuk per dag R 0,50

9. DEPOSITO'S BETAALBAAR VIR GEBRUIK VAN STALLE:

- (a) Vir sleutel R 2,00
 (b) Vir skoonmaak R 3,00

No. 86.]

[15 Junie 1973.

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP:
 BRANDVOORKOMINGS- EN BLUSREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243(3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasies goedgekeur.

1. *Woordbepaling:* In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis wat hierby daaraan geheg word:

"*eerste offisier*" die persoon in direkte beheer van die brandweermasjiene;

"*stadsingenieur*" die stadsingenieur van die Stadsraad of enigiemand wat in die hoedanigheid waarneem of namens hom optree;

"*Stadsraad*" die Stadsraad van Keetmanshoop.

2. *Munisipale Brandweerafdeling en Stadsingenieur.*

Die munisipale brandweerafdeling staan onder die bevel van die stadsingenieur wat beheer uitoefen oor alle brandweertoerusting binne die munisipale gebied, en wat geregtig is om na goeë dunde sodanige gebruik te maak van brandweervoertuie of brandblustoestelle binne genoemde gebied.

3. *Brandweerafdeling het voorkeurdeurgangsreg.*

Lede van die Brandweerafdeling het, terwyl hulle op enigeen van hulle masjiene of voertuie op pad na 'n brand is, 'n voorkeurdeurgangsreg bo alle ander klasse verkeer in 'n straat, deurgang of oop ruimte binne die munisipale gebied en alle verkeer moet by die aanhoor van die brandweersirene tot stilstand kom langs die straat om onbelemmerde deurgang vir brandweervoertuie te verseker.

4. *Maatreëls ter voorkoming of blussing van brand.*

- (a) Ingeval van enige brand moet die eerste offisier of

other person acting on his behalf shall attend with such men and appliances as he may deem necessary and may in his discretion reject or avail himself and take command of any persons who may voluntarily place their services at his disposal.

(b) Any person who interferes in any manner or takes any part or interferes in any operations for the extinction of such fire or the prevention of its spreading, whether such person has any interest in the property which is on fire or in risk of fire or not, or who commits any act in contravention of any direction or order or who refuses to comply with any reasonable request of the said first officer or official shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a penalty not exceeding hundred rand and, in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months.

(c) The said first officer or person acting on his behalf may further generally take any measure that may appear expedient for the protection of life and property, or the prevention or extinction of fire and in particular he may, if it should be necessary for such purposes, break into or through or take possession of, or pull down any premises, doing as little damage as possible, and shall have the free right of access to and liberty to draw or take water from any hydrants, tanks, cisterns, pipes or other supplies whether on public or private property.

5. *Temporary closing of Streets by Officers of Fire Department.*

Any street, passage, or thoroughfare in or near which a fire exists may be temporarily closed and the police or any fireman may, on their own motion or at the request or order of any officer of the fire department, with force or otherwise, remove any persons who by their presence or otherwise interfere with the operation of the fire department or police and any person who refuses or neglects to comply with any request in this connection shall be guilty of an offence.

6. *Council may recover expenses of Water used at Fires from owners or occupiers concerned.*

The Council may recover the expenses incurred by the fire department in respect of water at any fire from the owners or occupiers of any building or buildings which were on fire or, in the opinion of the first officer, were endangered by the fire; and such owners and occupiers shall jointly and severally be liable for such expenses; the amount payable in respect of every such building shall be determined by the said first officer and his certificate in regard thereto shall be final and binding upon all parties concerned.

7. *Recovering of costs.*

The owners of buildings or properties who call out the fire brigade, whether services were rendered by the fire brigade or not, shall pay to the Council the fees, charges and such

iemand wat namens hom optree diens lewer met sodanige manskappe en toestelle as wat hy nodig ag en kan hy, na goeddunke, persone wat vrywillig hulle dienste tot sy beskikking stel, afwys, van hulle gebruik maak, of oor hulle bevel voer.

(b) Iemand wat hom op enige wyse bemoei met of inmeng met enige werksaamhede met die doel om 'n brand te blus of te verhoed dat dit versprei of wat enige oortreding van enige opdrag of bevel begaan of wat weier om aan 'n redelike versoek van genoemde eerste offisier of ander amptenaar, te voldoen óf sodanige persoon enige belang het by die eiendom wat aan die brand is, of wat in brandgevaar verkeer al dan nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldig bevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(c) Genoemde eerste offisier of iemand wat namens hom optree, kan verder oor die algemeen maatreëls tref wat hy as doeltreffend ag vir die beskerming van lewe en eiendom of die voorkoming of blus van brand in besonder en, indien dit vir sodanige doeleindes noodsaaklik is, kan hy inbreek in of deurbreek deur of besit neem van enige persele of dit afbreek, met so min skade as moontlik, en het hy reg op toegang en staan dit hom vry om water te neem of te put van enige brandkrane, tenks, vergaarkakke, pype of ander bronne of dit nou ook al op openbare of private eiendom geleë is.

5. *Tydlike afsluiting van strate deur amptenare van Brandweerafdeling.*

'n Straat, gang of deurgang waarin of in die nabyheid waarvan daar 'n brand is, kan tydelik afgesluit word, en die polisie of enige brandweerman kan uit eie beweging of op versoek of op las van 'n amptenaar van die brandweerafdeling alle persone met geweld of andersins verwyder wat deur hulle aanwesigheid of andersins die werk van die brandweerafdeling of polisie belemmer, en iemand wat weier of versuim om aan enige opdrag in hierdie verband gehoor te gee, is skuldig aan 'n misdryf.

6. *Onkoste vir water gebruik by brand is deur die Raad verhaalbaar op die betrokke eienaars of okkupeerders.*

Die koste deur die brandweerafdeling aangegaan ten opsigte van water by enige brand is deur die Raad verhaalbaar op die eienaars of okkupeerders van enige gebou of geboue wat aan die brand was, of wat volgens die mening van die eerste offisier weens 'n brand in gevaar verkeer het, en sodanige eienaars of okkupeerders is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir sodanige koste; die bedrag ten opsigte van elke sodanige gebou betaalbaar word deur genoemde eerste offisier vasgestel en sy sertifikaat ten opsigte daarvan is finaal en bindend vir alle belanghebbende persone.

7. *Verhaal van Koste.*

Elke eienaar van 'n gebou of grond wat die brandweer oproep of laat oproep, moet, of die brandweer werklik dienste lewer al dan nie - gelde en heffings en vergoeding vir

damages as may be sustained by the Council or firemen in connection with and arising out of such services as set out in the tariffs appearing in Schedule A hereto; and in the event of the buildings or premises of more than one such owner being affected by a fire, such fees, charges and damages (if any) shall be apportioned between and borne by owners in such proportion as the Council may consider fair and reasonable. The Council shall be entitled to recover in any court of competent jurisdiction the amount or proportioned amount due by any such owner.

8. *Council may recover salvage expenses.*

The Council may recover from the owner of any movable property salvaged at any fire all expenses, other than those provided for in the last preceding regulation, which may have been incurred by the Council or any of its officers or servants in the salvaging, removal or storage of such property and shall have a lien on such property in respect thereof until payment is made in full.

9. *Obstruction of member of fire department in execution of his duty.*

Any person who interferes with, molests or obstructs any officer or member of the fire department in the execution of his duty, or any police constable, or other person acting under the orders of any such officer, or who drives over or in any way damages the hose of any engine or any other appliance in use by the fire department whilst engaged in preventing or extinguishing a fire or at training drill may, at the instance of an officer or fireman of the fire department, be arrested summarily by the police and shall in addition be guilty of an offence and on conviction be liable to a penalty not exceeding fifty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

10. *Wearing of fire department uniform by any person not member.*

Any person, not being an officer or member of the fire department, who wears the recognised uniform of the department, or in any way represents himself to be an officer, man or member of the fire department, shall be guilty of an offence and on conviction be liable for the first offence to a penalty not exceeding twenty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month for any subsequent offence to a penalty not exceeding fifty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

Town engineer may require removal of combustible material stored within fire limits.

- (i) No person shall store or cause to be stored any timber, forage, empty packing cases, straw or other combustible material in such quantities or in such situation or in such manner as may be likely to cause danger of fire in any building.
- (ii) No person having control of any vacant piece of land shall allow grass or weeds to grow, or rubbish to accumulate on such ground in such manner or

moontlike skade wat die Raad of brandweermanne by die uitvoering van hul plig ly volgens die tariewe in Bylae A hiervan aan die Raad betaal, en indien die geboue of grond van meer as een eienaar deur so 'n brand gered word, moet sodanige gelde, heffings en skadevergoeding, indien enige, na die verhouding wat die Raad as redelik en billik beskou onder sodanige eienaars verdeel word. Die Raad kan in 'n regsbevoegde hof die bedrag of eweredige deel daarvan op so 'n eienaar verhaal.

8. *Bergingsonkoste is deur die Raad verhaalbaar.*

Die Raad kan op die eienaar van enige roerende goed wat by 'n brand geberg word alle uitgawes, uitgesonderd dié in die onmiddellik voorafgaande regulasie bepaal, wat aangegaan is deur die Raad of enigeen van sy amptenare of dienare in die berging, verwydering of bewaring van sodanige eiendom, verhaal en het 'n regsensig ten opsigte van sodanige goed tot tyd en wyl betaling ten volle gedoen is.

9. *Dwarsboming van lid van Brandweerafdeling in die uitvoer van sy plig.*

Iedereen wat hom bemoei met 'n amptenaar, lid van die brandweerafdeling, of enige polisiebeampte, of ander persoon wat in opdrag van sodanige amptenaar optree, terwyl hy sy pligte uitvoer, of laasgenoemde persoon molesteer of dwarsboom, of oor die brandslang van enige brandweermasjien of enige ander toestel, wat gebruik word deur die brandweerafdeling terwyl dit betrokke is by die voorkoming of blussing van 'n brand of by 'n opleidingsoefening, ry of dit beskadig kan op versoek van 'n amptenaar of brandweerman van die brandweerafdeling onmiddellik deur die polisie in hegtenis geneem word en is daarbenewens skuldig aan 'n misdryf en by skuldig bevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

10. *Dra van die uniform van die brandweerafdeling deur enige persoon wat nie 'n lid is nie.*

Iemand wat nie 'n amptenaar of lid van die brandweerafdeling is nie en wat die erkende uniform van die afdeling dra of hom op watter wyse ook al voordoen as 'n amptenaar, brandweerman of lid van die brandweerafdeling is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldig bevinding by die eerste oortreding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand, by 'n daaropvolgende oortreding, met 'n boete van hoogstens vyftig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

11. *Die Stadsingenieur kan die verwydering van brandbare stowwe wat binne brandgrense gebêre word, eis.*

- (i) Niemand mag enige hout, voer, leë verpakkingskiste, strooi, of ander ontvlambare materiaal in sodanige hoeveelhede of op so 'n plek of op so 'n wyse bêre of laat bêre dat dit moontlik die gevaar van brand vir 'n gebou kan inhou nie.
- (ii) Niemand wat beheer het oor 'n oop stuk grond mag toelaat dat gras of onkruid daarop groei, of dat vullis op so 'n wyse of in sodanige hoeveelhede

in such quantities as may be likely to cause danger of fire to any building.

- (iii) The town engineer may by notice in writing require any such person referred to in subsections (i) and (ii) above, to remove such material or such weeds or rubbish or to take such other reasonable precautions as he may deem necessary, within a period of time to be fixed in the notice.

Any person who fails to comply with such notice shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a fine not exceeding fifty rand, and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months and in addition, to a fine not exceeding ten rand for each day which shall elapse after the expiry of the period fixed by the notice until the requirements thereof shall have been complied with.

12. Making a fire without permission in the open air to burn rubbish prohibited.

- (a) No person shall make, or cause to be made, a fire in the open air in such manner as to endanger the safety of any building and no person shall, without first obtaining permission in writing from the town engineer, burn or cause to be burn in the open air, whether on private property or not, any rubbish, wood, straw or other material: Provided, however, that a quantity of rubbish not exceeding one wheelbarrow load may be burnt in the open air between the hours of 10 a.m. and 4 p.m. without obtaining such permission, if due precautions are taken and no nuisance is caused thereby.
- (b) Any person offending against the foregoing regulation shall be guilty of an offence and on conviction be liable for the first offence to a penalty not exceeding ten rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month and for the second or any subsequent offence to a penalty not exceeding twenty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

13. Discharging of fireworks without permission prohibited within fire limits.

Any person who, without the permission in writing of the town engineer, discharges any fireworks in the area situate within two miles of the portico of the post office and any occupier of premises within such area who knowingly suffers any fireworks to be discharged on such premises without such permission shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a penalty not exceeding twenty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

14. Penalty on occupier for chimney fire.

The occupier of any house in which a chimney fire takes place shall be guilty of an offence and on conviction be liable

op sodanige grond ophoop dat dit moontlik die gevaar van brand vir 'n gebou kan inhou nie.

- (iii) Die stadsingenieur kan, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing van enige sodanige persoon, wat in subartikels (i) en (ii) hierbo vermeld word, verlang om binne 'n tydperk in die kennisgewing bepaal te word, sodanige materiaal of sodanige onkruid of vullis te verwyder, of om sodanige ander redelike voorsorgsmaatreëls te tref as wat hy nodig ag.

Iemand wat versuim om aan sodanige kennisgewing te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande en daarbenewens met 'n boete van hoogstens tien rand vir elke dag wat verloop nadat die tydperk wat in die kennisgewing bepaal word, verstryk het sonder dat daar aan die vereistes daarvan voldoen is.

12. Maak van vuur sonder toestemming in die opelug om afval te verbrand word verbied.

- (a) Niemand mag 'n vuur in die opelug op so 'n wyse maak of laat maak dat dit die veiligheid van enige gebou in gevaar stel nie en niemand mag, sonder dat hy eers vooraf die skriftelike toestemming van die stadsingenieur verkry het nie, enige vullis, hout, strooi of ander materiaal in die opelug, hetsy op private eiendom al dan nie, verbrand, of laat verbrand nie; Met dien verstande egter dat 'n hoeveelheid vullis wat nie een kruitwa vrag te bowe gaan nie in die opelug verbrand kan word tussen die ure 10 vm. en 4 nm. sonder dat sodanige toestemming verkry word, indien behoorlike voorsorgsmaatreëls getref word en geen steurnis daardeur veroorsaak word nie.
- (b) Iemand wat die voorgaande regulasie oortree is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding by die eerste oortreding strafbaar met 'n boete van hoogstens tien rand en, by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand en by 'n tweede of daaropvolgende oortreding, met 'n boete van hoogstens twintig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

13. Afskiet van vuurwerke sonder toestemming binne brandperke verbode.

Iemand wat, sonder skriftelike toestemming van die stadsingenieur, enige vuurwerke afskiet in die gebied geleë binne twee myl van die oordekte suilegang van die poskantoor en enige okkupeerder van persele binne sodanige gebied wat opsetlik toelaat dat vuurwerke afgeskiet word op sodanige persele sonder sodanige toestemming is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldig bevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

14. Boete vir okkupeerder vir skoorsteenbrand.

Die okkupeerder van enige huis waarin 'n skoorsteenbrand uitbreek, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding

for the first offence to a penalty not exceeding five rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding fifteen days and for the second or any subsequent offence to a penalty not exceeding ten rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month.

15. *Town Engineer may inspect premises.*

The town engineer or any person acting on his behalf or any other person appointed by the Council for the purpose, may at all reasonable times enter upon any premises or buildings within the municipal area for the purpose of inspecting any appliances for the prevention of fire and of ascertaining whether due precautions are taken for the prevention of fire.

16. *Council may fix fire alarms on buildings.*

The Council may cause to be affixed to any building, wall, fence or other structure or to any tree within the municipal area any telephone, fire alarm, telegraph or other instrument for the transmission of calls to any fire station and may provide any board or metal plate indicating by means of writing, or other directions thereon, the position of the nearest hydrant available in case of fire and may at any time cause such appliances or board or metal plate to be removed. Any unauthorised person who removes, defaces, or damages any such appliance, board or metal plate or any notice of any kind thereon shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a penalty not exceeding fifty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months and in addition thereto, shall pay any expenses incurred by the Council in consequence of such breach.

17. *Penalty for giving false alarm of fire.*

Any person who wilfully gives a false alarm of fire to the fire department, either by word of mouth or by means of fire alarm, telegraph or telephone, shall be guilty of an offence and on conviction be liable for the first offence to a penalty not exceeding one hundred rand, and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months and for the second and subsequent offence of a penalty not exceeding two hundred rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months.

18. *General Penalty.*

Any person who contravenes any of these regulations, for the breach of which no penalty is specifically provided, shall be liable on conviction to a fine not exceeding twenty rand and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two months.

19. *Repeal of regulations.*

The regulations relating to fires and the Municipal Fire Brigade promulgated under Government Notice 384 of 1 September 1951 as amended by Government Notice 166 of 16 October 1972 are hereby repealed.

SCHEDULE A.

Fire Brigade charges shall be as follows -

vir die eerste oortreding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyftien dae en vir die tweede of daaropvolgende oortreding met 'n boete van hoogstens tien rand en, by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

15. *Stadsingenieur kan persele inspekteer.*

Die stadsingenieur of iemand wat namens hom optree, of 'n ander persoon deur die Raad vir die doel aangestel, kan op alle redelike tye enige persele of geboue binne die munisipale gebied binnegaan om enige brandbestrydingstoestelle te inspekteer en om vas te stel of behoorlike voorsorgsmaatreëls getref word om die uitbreek van 'n brand te voorkom.

16. *Raad kan brandalarms aan geboue aanbring.*

Die Raad kan aan 'n gebou, muur, omheining of ander bouwerk, of boom binne die munisipale gebied, 'n telefoon, brandalarm, telegraaf of ander instrument vir die oorseining van brandoproep na die brandweerstasie laat aanbring, en enige aanplakbord of metaalplaat waarin deur middel van skrif of ander aanduidings daarop die ligging aangedui word van die naaste brandkraan wat beskikbaar is ingeval van 'n brand voorsien, en kan te eniger tyd sodanige toestelle of bord of metaalplaat laat verwyder. 'n Ongemagtigde persoon wat enige sodanige toestel, bord of metaalplaat of enige tipe kennisgewing daarop verwyder, onleesbaar maak of beskadig, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande, en moet daarbenewens die koste deur die Raad aangegaan as gevolg van sodanige oortreding vergoed.

17. *Strafbepaling vir gee van valse brandalarm.*

Iedereen wat met opset 'n valse brandalarm aan die brandweerafdeling gee, hetsy mondelings of deur middel van 'n brandalarm, telegraaf of telefoon, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding by die eerste oortreding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand en, by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en by 'n tweede of daaropvolgende oortreding, met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand en by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

18. *Algemene strafbepaling.*

Iemand wat enige bepalings van hierdie regulasies oortree, vir die oortreding waarvan geen boete uitdruklik bepaal is nie, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand, en by wanbetaling met gevangenisstraf, vir 'n tydperk van hoogstens twee maande.

19. *Herroeping van Regulasies.*

Die Brand- en Brandweeregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 384 van 1 September 1951, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 166 van 16 Oktober 1972, word hierby herroep.

BYLAE A.

Brandweergelde is soos volg betaalbaar -

- For the use of fire fighting equipment per hour or part thereof R12,00.
- For the services of fireman on the Council's paysheet, as resolved by the Council from time to time.
- Actual damage to the Council's and the property of firemen.
- Such other actual expenses as may be incurred by the Council.
- For watching at fires and public functions - R3,00 per watchman irrespective of duration of watch.
- For every call, where no services have been rendered - per call per hour or part thereof - R8,00.

- 1. Vir die gebruik van brandweeruitrusting per uur of gedeelte daarvan R12,00.
- 2. Vir die dienste van brandweermanne op die Raad se betaalstaat soos van tyd tot tyd deur die Raad by besluit bepaal.
- 3. Werklike skade berokken aan die Raad en brandweermanne se eiendom.
- 4. Sodanige werklike koste deur die Raad aangegaan.
- 5. Vir wagte by brande en openbare funksies - R3,00 per wag afgesien van die duur van sodanige wagtydperk.
- 6. Vir elke uitroep waar geen dienste gelewer is nie - per uitroep per uur of gedeelte daarvan R8,00.

No. 87.]

[15 June 1973.

PROCLAMATION OF A ROAD AND THE CLASSIFICATION THEREOF: DISTRICT OF MARIENTAL.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 Ordinance 17 of 1972) in the district of Mariental proclaimed road number 1099 as shown on sketch P369, defined the route thereof as described in the schedule and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road.

SCHEDULE.

District Road 1099.

From a point on the eastern road reserve boundary of district road 1004 on the farm Edelweiss 438 generally eastwards across the farms Edelweiss 438, Impala 442, Eland 443, 545, Naomi 455 and Mara 456 to a point on the eastern boundary of the last-mentioned farm.

No. 87.]

[15 Junie 1973.

PROKLAMERING VAN 'N PAD EN KLASSIFIKASIE DAARVAN: DISTRIK MARIENTAL.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalinge van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) in die distrik Mariental pad nommer 1099 wat aangetoon word op sketskaart P369 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in die bylae beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalinge van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad verklaar.

BYLAE.

Distrikspad 1099.

Van 'n punt op die oostelike padreserwegrens van distrikspad 1004 op die plaas Edelweiss 438 algemeen ooswaarts oor die plase Edelweiss 438, Impala 442, Eland 443, 545, Naomi 455 en Mara 456 tot by 'n punt op die oostelike grens van laasgenoemde plaas.

No. 88.]

[15 June 1973.

CLOSING OF FARM ROAD 2118 AND THE PROCLAMATION OF A ROAD AND THE CLASSIFICATION THEREOF: DISTRICTS OF OKAHANDJA AND OTJIWARONGO.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance 1972 (Ordinance 17 of 1972) in the districts of Okahandja and Otjiwarongo closed farm road number 2118 which is described in Schedule I and which is shown on sketch map number P335 and declared road number 2118 which is shown on sketch map P335 and described in Schedule II as proclaimed road and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared the said road a farm road.

No. 88.]

[15 Junie 1973.

SLUITING VAN PLAASPAD 2118 EN DIE PROKLAMERING EN KLASSIFIKASIE VAN 'N PAD: DISTRIKTE OKAHANDJA EN OTJIWARONGO.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalinge van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) in die distrikte Okahandja en Otjiwarongo plaaspad nommer 2118, wat in Bylae I beskryf word en wat aangetoon word op sketskaart nommer P335, gesluit en pad nommer 2118, wat aangetoon word op sketskaart nommer P335 en beskryf word in Bylae II tot geproklameerde pad verklaar en genoemde pad kragtens en ingevolge die bepalinge van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot plaaspad verklaar.

SCHEDULE I.

BYLAE I.

Description of Road. *Portion Closed.*

Beskrywing van Pad. *Gedeelte Gesluit.*

The road described as farm road 2118 in Schedule III of Proclamation 5 of 1954.

The whole.

Die pad beskryf as plaaspad 2118 in Bylae III van Proklamasie 5 van 1954.

Die hele.

SCHEDULE II.

BYLAE II.

Description of Farm Road 2118.

Beskrywing van Plaaspad 2118.

From the junction with district road 2116 on the farm Okamaja 159 in the district of Okahandja generally eastwards across the farms Okamaja 159 and Oukongo 156 to where it joins farm road 2163 on the last-mentioned farm; thence generally north- and north-eastwards across the farms Oukongo 156, Klein Oukongo 162, Okatjiwaura 163 and Gembok 210 to a point on the northern boundary of the last-mentioned farm; thence continuing in the district of Otjiwarongo across the farms Erindi Osombaka 223, Okamakuza 222 to a point on the said farm, thence generally eastwards to a point on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farms Okamakuza 222 and Winterhoek 221 to where it joins farm road 2469 on the last-mentioned farm.

Vanaf die aansluiting met distrikspad 2116 op die plaas Okamaja 159 in die distrik Okahandja algemeen ooswaarts oor die plase Okamaja 159 en Oukongo 156 tot waar dit aansluit by plaaspad 2163 op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noord- en noord-ooswaarts oor die plase Oukongo 156, Klein Oukongo 162, Okatjiwaura 163 en Gembok 210, tot by 'n punt op die noordelike grens van laasgenoemde plaas; van daar voortgaande in die distrik Otjiwarongo oor die plase Erindi Osombaka 223, Okamakuza 222 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts tot by 'n punt op genoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plase Okamakuza 222 en Winterhoek 221 tot waar dit aansluit by plaaspad 2469 op laasgenoemde plaas.

No. 89.]

[15 June 1973.

No. 89.]

[15 Junie 1973.

CLOSING OF DISTRICT ROAD 1016 AND THE PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICT OF MARIENTAL.

SLUITING VAN DISTRIKSPAD 1016, EN DIE PROKLAMERING EN KLASSIFIKASIE VAN 'N PAD : DISTRIK MARIENTAL.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) in the district of Mariental closed district road number 1016 as shown on sketch P369 and as described in Schedule I, proclaimed road number 1016 as shown on sketch P369, defined the route thereof as described in Schedule II and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) in die distrik Mariental distrikspad nommer 1016 wat aangetoon word op skets P369 gesluit soos in Bylae I beskryf en pad nommer 1016 wat aangetoon word op skets P369 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad verklaar.

SCHEDULE I.

BYLAE I.

Description of Road: *Portion Closed:*

Beskrywing van Pad: *Gedeelte Gesluit:*

The road described as district road number 1016 in Schedule II of Proclamation 58 of 1960.

The whole.

Die pad beskryf as distrikspad 1016 in Bylae II van Proklamasie 68 van 1960.

Die hele.

SCHEDULE II.

BYLAE II.

District Road 1016:

Distrikspad 1016:

From a point on the eastern road reserve boundary of main road 39 on the farm Bengal 268 generally north-eastwards across the farms Bengal 268, 434, the northern corner of the farm Erfenis 436 and Edelweiss 438 to where it joins district road 1004 on the last-mentioned farm.

Van 'n punt op die oostelike padreserwegrens van grootpad 39 op die plaas Bengal 268 algemeen noordooswaarts oor die plase Bengal 268, 434, die noordelike hoek van die plaas Erfenis 436 en Edelweiss 438 tot waar dit aansluit by distrikspad 1004 op laasgenoemde plaas.

No. R.839 (Republic.)]

[8 June 1973.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF THE SPECIALITIES OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS; THE REQUIREMENTS TO BE SATISFIED BEFORE THEIR SPECIALITIES CAN BE REGISTERED, THE CONDITIONS WHICH SHALL EXEMPT ANY PERSON FROM SUCH REQUIREMENTS AND THE CONDITIONS GOVERNING THE PRACTICE OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS WHOSE SPECIALITIES HAVE BEEN REGISTERED.

The Minister of Health has, in terms of section 94(4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94(2)(r) of the Act and published under Government Notice R.135 of 7 February 1969, as amended:

The substitution for rule 7 of the following:

"7. Notwithstanding anything to the contrary in these rules contained, it shall be lawful for the Council to register the speciality of a medical practitioner or dentist who has substantially complied with the requirements of these rules and who in the opinion of the Council is competent to practise as a specialist."

No. R.841 (Republic.)]

[25 May 1973.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964:
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/190).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
29.02 By the substitution for sub-heading No. 29.02.60 of the following: "29.02.57 Trichloroethylene	kg	20% or 1 850c per 100 kg less 80 per cent of the f.o.b. price		
29.02.63 Chlorobenzene, hexachlorobenzene	kg	10%"		

No. R.839 (Republiek.)]

[8 Junie 1973.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD:

WYSIGING VAN DIE REÛLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN SPESIALITEITE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD ALVORENS HULLE SPESIALITEITE GEREGISTREER KAN WORD. DIE VOORWAARDES WAT ENIGE PERSOON VAN SODANIGE VEREISTES VRYSTEL, EN DIE VOORWAARDES BETREFFENDE DIE PRAKTYK VAN GENEESHERE EN TANDARTSE WIE SE SPESIALITEITE GEREGISTREER IS.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94(4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94(2)(r) van die Wet opgestel het en wat afgekondig is by Goewermentskenningsgewing R.135 van 7 Februarie 1969, soos gewysig:

Die vervanging van reël 7 deur die volgende:

"7. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie reëls vervat is die Raad geregtig om die spesialiteit te registreer van 'n geneesheer of tandarts wat wesentlik aan die vereistes van hierdie reëls voldoen het en wat volgens die mening van die Raad bevoeg is om as spesialis te praktiseer."

No. R.841 (Republiek.)]

[25 Mei 1973.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964:
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/190).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
29.02 Deur supos No. 29.02.60 deur die volgende te vervang: "29.02.57 Trichlooretileen	kg	20% of 1 850c per 100 kg min 80 per sent van die prys v.a.b.		
29.02.63 Chloorbenseen, heksachloorbenseen	kg	10%		

NOTE — Specific provision, at a rate of duty of 20% or 1 850c per 100 kg less 80 per cent of the f.o.b. price, is made for trichloroethylene.

OPMERKING — Spesifieke voorsiening, teen 'n skaal van reg van 20% of 1 850c per 100 kg min 80 persent van die prys v.a.b., word gemaak vir trichlooretileen.

No. R.842 (Republic)]

[25 May 1973.

No. R.842 (Republiek.)]

25 Mei 1973.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964:
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO.1/1/191).

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964:
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/191).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

BYLAE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
40.09 By the substitution for tariff heading No. 40.09 of the following: „40.09 PIPING AND TUBING, OF UNHARDENED VULCANISED RUBBER:				
40.09.10 Garden hose, not armoured	kg	20% plus 135c per 100 kg of 2 135c per 100 kg		20% or 2 000c per 100 kg (U.K.; Canada)
40.09.20 Garden hose, armoured	kg	20% plus 90c per 100 kg or 2 090c per 100 kg		20% or 2 000c per 100 kg (U.K.; Canada)
40.09.60 Hydraulic brake hose, fitted, suitable for use with motor vehicles	kg	30%		
40.09.70 Orther piping and tubing, braided with wire or reinforced with wire, fitted or not:				
.10 With an inside diameter not exceedin 400 mm	kg	20% or 1 655c per 100 kg"		
.20 With an inside diameter exceeding 400 mm	kg	15%		
40.09.90 Other	kg	20% or 1 655c per 100 kg		

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
